



'n Gids tot die maak van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif in Wes-Australië



Lesers word gewaarsku dat hierdie dokument foto's van mense wat sedert die tyd van publikasie oorlede is kan bevat.

© Departement van Gesondheid, Staat van Wes-Australië (2022)

Alle inligting en materiaal in hierdie dokument word deur kopiereg beskerm. Kopiereg berus by die staat Wes-Australië. Afsien van enige gebruik wat deur die Outeursregwet 1968 (*Cth*) toegelaat word, mag die inligting in hierdie dokument nie gepubliseer of produseer word in hoegenaamd enige materiaal sonder uitdruklike toestemming van die *End-of-Life Care Program*, Wes-Australiese Departement van Gesondheid nie.

Voorgestelde aanhaling

Departement van Gesondheid, Wes-Australië. *'A Guide to Making an Advance Health Directive in Western Australia*. Perth: *End-of-Life Care Program*, Departement van Gesondheid, Wes-Australië; 2022.

Belangrike vrywaring

Hierdie gids is bedoel om 'n oorsig te gee van die maak van Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte in Wes-Australië. Dit verskaf skakels na verdere inligting en hulpbronne. Dit is geensins bedoel om as plaasvervanger vir regs- of ander professionele advies te dien nie. Onafhanklike advies moet aangevra word vir spesifieke gevalle wat regs- of ander professionele insette vereis.

Verdere inligting oor Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is beskikbaar by:

Departement van Gesondheid

Telefoon: 9222 2300

E-pos: acp@health.wa.gov.au

Webtuiste: healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning



Tolkdiens

Vra gerus vir 'n tolk indien u met 'n gesondheidsdiens in u taal wil praat.

Inhoud

Hoe om hierdie gids te gebruik 2

Afdeling 1: Meer oor Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte 3

Wat is 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif? 3

Wie sal besluite neem oor jou behandeling en versorging as jy nie meer die vermoë het om self besluite te neem of te kommunikeer nie? 4

Afdeling 2: Stap-vir-stap gids 6

Dele van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif 6

Deel 1: My persoonlike besonderhede 6

Deel 2: My gesondheid 7

Deel 3: My waardes en voorkeure 8

Deel 4: My Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif behandelingsbesluite 12

Deel 5: Mense wat my gehelp het om my Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voltooi 18

Deel 6: Handtekening en getuienis 20

Afdeling 3: Nuttige inligting 22

Gereelde Vrae 22

Kontrolelys vir die maak van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif 30

Waarheen om te gaan vir verdere inligting 31

Algemene terme 33

Voorbeeld van 'n voltooide Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif 36

Hoe om hierdie gids te gebruik

Hierdie gids verskaf inligting om jou te help om jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voor te berei en te voltooi.

Jy kan dalk bevind dat dit tyd neem om jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voltooi. Jy hoef dit nie op een slag te voltooi nie. Jy kan dit in dele doen.

Afdeling 1: Meer oor Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte

Hierdie afdeling beskryf wat 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is. Dit verduidelik waarom dit nuttig is, hoe jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gebruik sal word, en wie besluite namens jou sal neem as jy die vermoë verloor om jou eie besluite te neem of te kommunikeer.

Afdeling 2: Stap-vir-stap gids

Hierdie afdeling bied 'n stap-vir-stap gids tot die maak van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif. Dit sluit voorbeelde in om jou te help.

Afdeling 3: Nuttige inligting

Hierdie afdeling bied 'n kontrolelys vir die voorbereiding, voltooiing en berging van jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif. Dit verduidelik woorde wat in die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gebruik word en bied antwoorde op [vrae wat gereeld gevra word](#). Dit bied ook skakels na plekke om te gaan vir verdere inligting.

Voorbeelde van voltooide en leë Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte

Aan die einde van hierdie gids is 'n voorbeeld van 'n voltooide Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif. 'n Leë Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif-vorm word verskaf as 'n insetsel met hierdie gids.

Jy kan na die voorbeeld van 'n voltooide vorm verwys terwyl jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voltooi.

Jy kan om hulp vra om jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voltooi. [Afdeling 3: Nuttige inligting](#) bevat inligting oor hoe en waar om hulp te kry.



Afdeling 1: Meer oor Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte

Hierdie afdeling beskryf wat 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is. Dit verduidelik waarom dit nuttig is, hoe jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gebruik sal word, en wie besluite namens jou sal neem as jy die vermoë verloor om jou eie besluite te neem of te kommunikeer.

Wat is 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif?

'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is 'n **regsdokument** wat jou in staat stel om nou besluite te neem oor die behandeling en versorging wat jy in die toekoms wil of nie wil ontvang nie.

Jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif sal **slegs** gebruik word as jy ernstig siek of beseer word en jy nie in staat is om jou eie besluite te neem of jou wense te kan kommunikeer nie. As dit gebeur, word jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif jou stem. As jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif moet verander, moet jy jou huidige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif herroep (of kanselleer) en 'n nuwe een maak.

'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is een van die dokumente beskikbaar in Wes-Australië (WA) wat as deel van die proses van vooraf-versorgingsbeplanning voltooi word kan.

As jy 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif het, help dit jou geliefdes en gesondheidswerkers om te verstaan wat vir jou belangrik is in terme van jou gesondheid en gesondheidsorg.


Dit word aanbeveel dat jy met jou gesin, versorger, 'n goeie vriend, algemene praktisyn of ander gesondheidswerkers gesels om jou te help om jou gedagtes te versamel.

Ander hulpbronne wat jy nuttig kan vind, sluit in:


- MyValues webwerf – myvalues.org.au
- WA Departement van Gesondheid Vooraf-versorgingsbeplanning webwerf – healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning

Sien die [gereelde vrae](#) in Afdeling 3 : Nuttige inligting oor Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte en Vooraf-versorgingsbeplanning.

Om te dink en te praat oor jou toekomstige gesondheid en einde-van-lewe wense kan moeilik wees. Vra hulp as jy ondersteuning nodig het.



'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is 'n belangrike manier om mense te laat weet wat jou waardes en voorkeure in verband met jou gesondheidsorg en behandeling is indien jy ernstig siek of beseer word en nie in staat is om self besluite te neem nie.



Die maak van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is **vrywillig**.

Wie kan 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif maak?

Om 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak, moet jy **18 jaar of ouer** wees en **volle regs kapasiteit** hê ten tyde van die maak van die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif.

Dit beteken jy:

- verstaan enige inligting of advies wat aan jou gegee word as hulp om besluite te neem in jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif.
- verstaan die waarskynlike gevolge wat die besluite in jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif op jou toekomstige behandeling en versorging mag hê
- in staat is om moontlike voor- en nadele van jou besluite oor jou toekomstige behandeling en versorging teenoor mekaar op te weeg
- in staat is om jou besluite oor jou toekomstige behandeling en gesondheidsorg op een of ander manier te kommunikeer.

Volwassenes word beskou as bevoegd, tensy anders bewys. As jy jou huidige vermoë om 'n geldige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak betwyfel, vra jou dokter vir 'n assessering. Jy kan ook jou dokter vra as jy bekommerd is dat jou vermoë om besluite te neem in die toekoms mag afneem.

Wie sal besluite neem oor jou behandeling en versorging as jy die vermoë verloor om self besluite te neem of te kommunikeer?

As jy nie besluite oor jou behandeling en versorging kan neem of kommunikeer nie, moet gesondheidswerkers die [hiërargie van behandelingsbesluitnemers](#) volg wanneer hulle behandelingsbesluite namens jou neem.

Die hiërargie van behandelingsbesluitnemers, wat op die volgende bladsy getoon word, verduidelik die volgorde van besluitnemers wat gesondheidswerkers moet volg wanneer hulle 'n besluit in verband met jou behandeling nodig het. Jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is die eerste ding wat 'n gesondheidswerker sal raadpleeg om besluite oor jou toekomstige versorging te neem.

Wat as ek nie 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif maak nie?


As jy nie 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif maak nie, moet 'n gesondheidswerker na die eerste persoon in die hiërargie wat 18 jaar of ouer, ten volle regsbevoegd, gewillig en beskikbaar is om 'n besluit te neem gaan om die behandelingsbesluit te neem.

As die eerste persoon nie beskikbaar of bereid is om die besluit te neem nie, kan die gesondheidswerker na die volgende persoon in die hiërargie gaan, ensovoorts.

Wat is die hiërargie van behandelingsbesluitnemers?

Die hiërargie van behandelingsbesluitnemers word slegs deur gesondheidswerkers gebruik wanneer jy die vermoë om besluite oor jou gesondheidsorg te neem en / of te kommunikeer verloor.

Hiërargie van behandelingsbesluitnemers



Selfs as jy 'n voortdurende voog aangestel het, kan jy kies om 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif op te stel om jou voorkeure rakende spesifieke behandelings waaroor jy sterk voel, te kommunikeer.

Sien die [Gereelde vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor voortdurende voogde.

Afdeling 2: Stap-vir-stap gids

Hierdie afdeling bied 'n stap-vir-stap gids tot die maak van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif, insluitend voorbeelde om jou te help.

Dele van 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif

Vir 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif om geldig te wees, moet jy Dele 1, 4 en 6 voltooi.

Deel 1 is waar jy jou persoonlike besonderhede neerskryf. Jy **moet** Deel 1 voltooi.

Deel 2 is waar jy enige groot gesondheidstoestande wat jy het, neerskryf.

Deel 3 is waar jy neerskryf wat vir jou belangrik is, asook wat jou waardes en wense is rakende jou toekomstige sorg.

Deel 4 is waar jy neerskryf watter behandelings en sorg (insluitend mediese navorsingsaktiwiteite) jy in die toekoms wil of nie wil hê nie. Jy **moet** ten minste een behandelingsbesluit in Deel 4 insluit om 'n geldige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak.

Deel 5 is waar jy besonderhede van die mense wat jou gehelp het om jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voltooi, neerskryf.

Deel 6 is waar jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif onderteken. Jy **moet** Deel 6 voltooi en jou handtekening **moet** deur 'n getuie waargeneem word (besonderhede oor getuievereistes word in [Deel 6](#) verskaf).

Deel 1: My persoonlike besonderhede

Jy moet hierdie deel van die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voltooi.

Jy **moet** invul:

- die datum waarop die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gemaak word
- jou volle naam, geboortedatum en adres, sodat jy geïdentifiseer kan word.

Dit is **opsioneel** om jou telefoonnommer en e-posadres in te sluit. Dit word egter aanbeveel dat jy ten minste een die twee insluit, sodat jy gekontak kan word indien nodig.

As jou adres, telefoonnommer of e-pos in die toekoms verander, sal jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif steeds geldig wees.

Sien die [Gereelde vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor die verandering van jou kontakbesonderhede.



Deel 2: My gesondheid

Jy kan kies om alle, sommige, of geen van die vrae in Deel 2 te voltooi. Trek enige vrae wat jy nie voltooi nie dood.

Jy kan Deel 2 gebruik om enige groot gesondheidstoestande en bekommernisse wat jy het, te lys. Jy kan ook Deel 2 gebruik om dinge neer te skryf wat vir jou belangrik is wanneer jy oor jou gesondheid praat.

2.1 My grootste gesondheidstoestande

In Deel 2.1 kan jy die besonderhede van enige huidige groot gesondheidstoestande wat jy het neerskryf. Dit kan fisiese en / of geestes-gesondheidstoestande insluit. Jy kan ook enige belangrike gesondheidstoestande insluit wat jy in die verlede gehad het.

Voorbeelde

- Ek is 6 jaar gelede met kolonkanker gediagnoseer. Ek het 'n operasie en chemoterapie ondergaan. Ek is nou in remissie, maar is vertel dat daar 'n kans is dat die kanker in die toekoms kan terugkeer.
- Ek was vyf jaar gelede in 'n motorongeluk en het steeds chroniese rugpyn. Daar is vir my gesê dat my rugpyn waarskynlik nie beter gaan word nie.
- Ek is onlangs met motorneuron siekte gediagnoseer. Daar is vir my gesê dat my gesondheid waarskynlik vinnig sal agteruitgaan en dat ek binnekort baie hulp met daaglikse take, soos om te stort en aan te trek, sal nodig hê.

2.2 Wanneer daar met my oor my gesondheid gesels word, is hierdie dinge vir my belangrik

In Deel 2.2 kan jy neerskryf wat vir jou belangrik is wanneer jy met gesondheidswerkers oor jou gesondheid praat. Dit sluit in die hoeveelheid inligting wat jy graag sal wil hê voordat jy besluite neem. Dit bevat ook besonderhede van enige familieleden / vriende wat jy graag by jou wil hê wanneer jy met gesondheidswerkers oor jou behandelingsopsies en versorging praat.

Trish se storie

Trish (65) is pas met fase 4 borskanker gediagnoseer. In haar Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif het sy aangeteken dat haar goeie vriendin, Kay ('n verpleegster), al haar mediese afsprake saam met haar bywoon, aangesien sy weet hoe om inligting die beste te verduidelik op 'n manier wat sy (Trish) kan verstaan.

Voorbeelde

- Ek hou daarvan om baie besonderhede oor my gesondheidstoestande en behandelingsopsies te hê, sodat ek my keuses en wat met my kan gebeur, ten volle kan verstaan.
- Engels is my tweede taal. Ek hou daarvan om my seun of dogter by my te hê tydens afsprake met my huisdokter en spesialiste.

Let wel: Jy wil dalk ook 'n Voortdurende Mag van Voogdy maak as daar iemand is wat jy goed ken en vertrou om besluite namens jou te neem.

Sien die [Gereelde vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor die aanstelling van 'n voortdurende voog.

Deel 3: My waardes en voorkeure

Jy kan kies om alles, sommige, of geen van die vrae in Deel 3 te voltooi. Trek enige vrae wat jy nie voltooi nie dood.

Jy kan Deel 3 gebruik om dinge neer te skryf wat vir jou die belangrikste is oor jou gesondheid en gesondheidsorg. Jy kan dinge insluit wat jou bekommer oor jou toekomstige gesondheid. Dit sal mense naby aan jou en gesondheidswerkers betrokke by jou gesondheidsorg laat weet wat vir jou belangrik is as jy nie besluite kan neem of kommunikeer nie.

Om te dink en te gesels oor wat belangrik is vir jou toekomstige gesondheid en wense vir die einde van jou lewe kan moeilik wees. Vra hulp as jy ondersteuning nodig het wanneer jy hierdie deel van die vorm voltooi.

3.1 Hierdie dinge is vir my belangrik

Deel 3.1 vra jou om te beskryf wat 'om goed te leef' vir jou beteken. Byvoorbeeld, wat jy die meeste sal mis as jy siek word en nie kan lewe soos jy nou doen nie.

Hierdie deel van die vorm bevat 'n lys van dinge wat vir jou belangrik mag wees. Jy kan al die boksies merk wat op jou van toepassing is. Jy kan ook aktiwiteite, belangstellings of stokperdjies neerskryf wat vir jou belangrik is.

Voorbeelde

- Dit is vir my belangrik om tyd saam met familie en vriende deur te bring.
- Dit is vir my baie belangrik dat my dogter my gereeld besoek.
- Om my troeteldiere naby my te hê of ten minste gereeld te kan sien, is vir my belangrik.
- Ek was my hele lewe lank deel van die lesbiese gemeenskap en wil graag hê dat hierdie konneksie moet voortgaan.
- Ek is Chinees en geniet dit om tyd deur te bring saam met mense wat Kantonees kan praat.

Rita se Storie

Rita (87) besoek gereeld haar Kroatiese Klub om haar vriende te sien, in haar eerste taal van Hrvatska te praat en tradisionele speletjies uit haar tuisland te speel. Rita het in haar Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif geskryf dat sy nie die Klub wil besoek as sy nie maklik kan praat of beweeg nie.

3.2 Hierdie dinge bekommer my as ek aan my toekomstige gesondheid dink

Deel 3.2 vra jou om te beskryf wat jou bekommer oor jou toekomstige gesondheid en gesondheidsorg. Byvoorbeeld, enige permanente uitkomst van siekte of besering wat nie vir jou aanvaarbaar sou wees nie.

As jy in die toekoms siek of beseer word, kan behandeling en versorging jou help om beter te word en jou gesondheid kan terugkeer na hoe dit was voordat jy siek geword het. Dit is egter moontlik dat, afhangende van jou siekte of besering, behandeling en versorging slegs 'n bietjie sal help en dat jy moontlik nie op dieselfde manier kan leef as wat jy voorheen geleef het nie.

Voorbeelde

- Ek is bekommerd daaroor om in konstante pyn te wees.
- Ek is bekommerd dat ek dalk nie met my familie en vriende sal kan kommunikeer nie of dat hulle my nie sal verstaan nie.
- Ek sal ongelukkig wees as ek nie onafhanklik kan lewe nie.
- Ek sal dit onaanvaarbaar vind as ek nie in staat is om myself te voed nie.
- Ek sal dit baie moeilik vind as ek nie my familie en vriende kan herken nie.

Nicole se Storie

Nicole (43) is onlangs met Parkinson se siekte gediagnoseer. In haar 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif het sy geskryf dat sy dit onaanvaarbaar sou vind as sy haarself permanent nie kon voed nie. Nicole wil hê haar familie moet weet wat vir haar belangrik is, aangesien hulle haar sal versorg as die siekte veroorsaak dat sy beheer oor haar hande en ander ledemate verloor.



3.3 Wanneer ek naby die dood is, is dit waar ek graag wil wees

Deel 3.3 vra jou om te beskryf waar jy jou laaste dae of weke wil spandeer wanneer jy naby die dood is.

Daar is 4 opsies in hierdie deel van die vorm. Jy kan slegs een opsie kies. Jy kan egter meer besonderhede insluit oor die opsie wat jy in die boksie gekies het.

Voorbeelde:

- Om in die natuur te wees is vir my belangrik. Ek wil graag iewers wees wat 'n tuin met blomme het of naby die strand is.
- Familie en vriende is so 'n groot deel van my lewe. Ek sou verkies om so lank as moontlik naby hulle te wees sodat hulle my maklik en gereeld kan besoek.
- Ek identifiseer as gay en dit is vir my belangrik om in 'n plek te wees waar my seksualiteit aanvaar en respekteer word.

Raymond se Storie

Raymond (95) het die afgelope vyf jaar van sy lewe in 'n residensiële versorgingfasiliteit vir bejaardes gewoon. Die fasiliteit het vir hom 'n tuiste geword. Raymond het 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gehad. Hy het geskryf dat hy wou sterf waar hy gewoon het, met sy familie rondom hom. Raymond se gesondheid het vinnig agteruitgegaan. Sy gesondheidswerkers het sy Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gebruik om sy versorging in die laaste weke van sy lewe te lei. Hy het vreedsaam gesterf in die fasiliteit, omring deur sy familie.



3.4 Wanneer ek naby die dood is, is hierdie dinge vir my belangrik

Deel 3.4 vra jou om neer te skryf wat vir jou vertroosting bring en wie jy rondom jou wil hê wanneer jy naby die dood is. Om te dink aan jou wense vir die einde van jou lewe kan moeilik wees. Dink aan wat in hierdie tyd vir jou die belangrikste sal wees. Miskien wil jy nadink oor watter geestelike, godsdienstige of kulturele tradisies vir jou belangrik is of oor wat vir jou 'n gevoel van vertroosting of vrede sal gee.


Jy kan al die boksies merk wat op jou van toepassing is. Jy kan meer besonderhede in die boksies wat verskaf word, insluit.

Voorbeelde:

- Ek is 'n Aboriginele Ouderling. Dit is belangrik dat my familie en gemeenskap heilige en gebruikelike praktyke van my kultuur voor en na my dood kan uitvoer.
- Wanneer ek sterf, wil ek graag hê dat my kamer sagte beligting moet hê en musiek vir meditasie moet speel. Dit is vir my 'n strelende omgewing.
- Wanneer ek besig is om te sterf, wil ek nie hospitaal toe gaan nie – behalwe as my vertroosting en waardigheid nie tuis gehandhaaf kan word nie.
- Ek is Hindoe en ek wil graag my uitgebreide familie om my hê sodat hulle 'n aantal tradisionele rituele kan uitvoer.

Aunty se Verhaal

Aunty (64) het jare lank al gesondheidstoestande soos diabetes. Haar bende woon in Turkey Creek. As sy baie siek word, wil sy graag hê haar dogter, Carol, moet haar terugneem na haar tuisland toe as sy kan reis en dit nie te veel van 'n las op haar familie sal wees nie. Dit gee haar gemoedsrus om dit in haar Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te skryf, omdat haar wense duidelik is.



Deel 4: My Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif behandelingsbesluite

Jy moet ten minste een behandelings besluit in Deel 4 neem om 'n geldige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak. Trek enige dele wat jy nie voltooi nie, dood.

Jy kan Deel 4 gebruik om besluite te neem oor toekomstige behandelings wat jy wil of nie wil ontvang nie. Dit sluit behandelings of intervensies in wat gebruik kan word om jou aan die lewe te hou. Dit word 'lewens onderhoudende behandelings' genoem. Jy kan ook besluite neem oor of jy in die toekoms aan mediese navorsing wil deelneem. Gesondheidswerkers moet die besluite wat jy in Deel 4 lys, volg.

'n Behanding is enige mediese of chirurgiese behandeling. Dit sluit palliatiewe sorg en lewens onderhoudende maatreëls, tandheelkundige behandeling en ander gesondheidsorg in.

'n Behandelingsbesluit in 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is 'n besluit om toestemming te gee tot die aanvang of voortsetting van enige behandeling.

Dit word sterk aanbeveel dat jy jou behandelingsbesluite met u dokter bespreek voordat jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voltooi.

Jou dokter en ander gesondheidswerkers kan raad gee oor behandelingsopsies en hoe dit jou kan beïnvloed.

4.1 Lewensonderhoudende behandelingsbesluite

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie. Let wel: Jy moet ten minste een behandelings besluit binne Deel 4 neem om 'n geldige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak.

Deel 4.1 vra jou om besluite te neem oor behandelings of intervensies, wat jou in die toekoms aan die lewe moet hou, wat jy wil of nie wil ontvang nie. Hierdie inligting sal slegs gebruik word as jy nie self besluite kan neem of kommunikeer nie.

Wanneer jy besluite neem oor watter lewensonderhoudende behandelings jy wil of nie wil ontvang nie, dink aan die dinge wat jy in [Deel 3 as belangrik vir jou gelys het : My waardes en voorkeure](#).

Om jou te help om hierdie deel van die vorm te voltooi, praat met jou dokter en / of ander gesondheidswerkers oor:

- watter verskillende lewensonderhoudende behandelings jy in die toekoms mag nodig kry
- risiko's en nuwe-effekte van moontlike lewensonderhoudende behandelings
- hoe jou langtermyn gesondheid en lewensgehalte beïnvloed kan word deur verskillende lewensonderhoudende behandelings.



Onderhewig aan 'n paar beperkte uitsonderings, moet gesondheidswerkers jou aanwysings volg vir lewensonderhoudende behandelings. Net omdat jy Deel 4.1 voltooi, beteken dit egter nie dat jy beslis die behandelings wat jy gekies het, sal benodig of ontvang nie. As 'n behandeling jou nie sal bevoordeel nie, is jou dokter nie verplig om dit te voorsien nie.

Sien die [Gereelde vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor lewensonderhoudende behandelings.

Daar is 5 opsies in Deel 4.1. Jy kan slegs een opsie kies.

- **Opsie 1:** Ek stem in tot alle behandelings wat daarop gemik is om my lewe te onderhou of te verleng.
- **Opsie 2:** Ek stem in tot alle behandelings wat daarop gemik is om my lewe te onderhou of te verleng, tensy dit duidelik is dat ek so siek is van besering of siekte dat daar geen redelike vooruitsig is dat ek sal herstel tot die mate dat ek kan oorleef sonder deurlopende lewensonderhoudende behandelings nie. In so 'n situasie onttrek ek toestemming tot lewensonderhoudende behandelings.
- **Opsie 3:** Ek weier toestemming vir enige behandelings wat daarop gemik is om my lewe te onderhou of te verleng.
- **Opsie 4:** Ek neem die volgende besluite oor spesifieke lewensonderhoudende behandelings soos in die tabel hieronder gelys.
- **Opsie 5:** Ek kan nie op die oomblik besluit nie.

Jou besluite in Deel 4.1 verwys slegs na lewensonderhoudende behandelings. Gesondheidswerkers sal steeds versorging gee om pyn te verminder en jou gemaklik te maak (dit wil sê palliatiewe sorg), selfs al kies jy om alle lewensonderhoudende behandeling te weier.

As jy nie palliatiewe sorg behandelings wil ontvang nie, moet jy dit in Deel 4.2 spesifiseer.

As jy Opsie 4 kies, moet jy besluite neem oor die verskillende soorte lewensonderhoudende behandeling wat jy wil of nie wil ontvang nie.



Elkeen het sy eie siening oor watter behandelings hulle wil of nie wil hê nie. Die voorbeelde hieronder kan jou help wanneer jy jou opsies oorweeg. Jy kan ook meer besonderhede gee. Jy kan Opsie 5 kies as jy nog nie gereed is om 'n besluit te neem oor lewensonderhoudende behandelings wat jy in die toekoms wil of nie wil hê nie.

Voorbeelde

Voorbeeld: Opsie 1 - Nathan se verhaal

- Nathan het vyf weke gelede 'n hartaanval gehad. Sy huisdokter het vir hom gesê dat dit hoogs waarskynlik is dat hy hartchirurgie kan benodig. Nathan wil graag alle behandelings wat sy lewe kan onderhou of verleng, ontvang.
- **Nathan kies: Opsie 1 – Ek stem in tot alle behandelings wat daarop gemik is om my lewe te onderhou of te verleng.**

Voorbeeld: Opsie 2 – Linda se verhaal

- Linda is met niersiekte gediagnoseer. Haar ma is dood aan nierversaking. Linda onthou dat haar ma teen die einde van haar lewe baie naarheid ervaar het. Sy onthou dat die naarheid vererger is deur behandelings wat vir die onderliggende siekte gegee is, al was daar geen redelike vooruitsig dat sy daarvan sou herstel nie. Linda wil dit nie vir haarself hê nie.
- **Linda kies: Opsie 2 – Ek stem in tot alle behandelings wat daarop gemik is om my lewe te onderhou of te verleng, tensy dit duidelik is dat ek so ernstig siek of beseer is dat daar geen redelike vooruitsig is dat ek sal herstel tot die mate dat ek kan oorleef sonder deurlopende lewensonderhoudende behandelings nie. In so 'n situasie onttrek ek toestemming tot lewensonderhoudende behandelings.**

Voorbeeld: Opsie 3 – Mia se verhaal

- Mia is voorheen vir borskanker behandel. Sy het pas uitgevind dat haar kanker teruggekeer het, en dat dit baie onwaarskynlik is dat behandeling haar lewe langer as die volgende paar maande sal verleng.
- Mia se vriend het borskanker gehad. Mia het baie sterk gevoelens oor die chemoterapie wat sy ontvang het en wat haar lewe en haar lyding verleng het. Mia het besluit dat sy hierdie keer nie behandeling wil hê wat haar dood sal vertraag nie en wil hê haar gesondheidswerkers moet daarop fokus om haar so gemaklik en pynloos as moontlik te hou.
- **Mia kies: Opsie 3 – Ek weier toestemming tot enige behandelings wat daarop gemik is om my lewe te onderhou of te verleng.**

Voorbeeld: Opsie 4 – Peter se verhaal

- Peter is gediagnoseer met chroniese obstruktiwe longsiekte ('n chroniese siekte van die longe). Hy is 70 jaar oud en weet sy toestand sal net vererger. Alhoewel, hy voel dat hy steeds 'n goeie lewensgehalte by die huis kan hê. Al beteken dit dat hy suurstof moet gebruik, wil hy nie **permanent** op 'n asemhalingsmasjien in 'n verpleeginrigting of hospitaal wees nie.
- **Peter kies: Opsie 4 – Ek neem die volgende besluite oor spesifieke lewensonderhoudende behandelings soos in die tabel hieronder gelys.**
 - **Hy merk boks (B) vir geassisteerde ventilasie en verskaf die volgende besonderhede:** Slegs indien tydelik en as ek dan kan terugkeer huis toe, al is dit met suurstof. Ek wil nie permanent op 'n asemhalingsmasjien in die hospitaal of by 'n verpleeginrigting wees nie.
 - **Hy merk boks (C) vir al die ander behandelings:** Ek weier alle ander lewensonderhoudende behandelings.

Voorbeeld: Opsie 5 – William se verhaal

- William is 25 jaar oud en het nog nooit die dood van 'n nabye familielid of iemand naby aan hom wat lewensonderhoudende behandeling nodig het ervaar nie.
- **William kies: Opsie 5 – Ek kan nie op hierdie stadium besluit nie.**

4.2 Ander behandelingsbesluite

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie. Let wel: Jy moet ten minste een behandelingsbesluit binne Deel 4 neem om 'n geldige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak.

Deel 4.2 vra jou om besluite te neem oor ander behandelings (afgesien van die lewensonderhoudende behandelings in Deel 4.1) wat jy in die toekoms wil of nie wil ontvang nie. Hierdie inligting sal slegs gebruik word as jy nie self besluite kan neem of kommunikeer nie.

Ander behandelings kan dwelms insluit wat gebruik word om sekere gesondheidstoestande (bv. aspirien, cholesterolbehandelings) of bloedoortappings te voorkom.

As jy 'n besluit oor 'n spesifieke behandeling lys, moet jy die omstandighede waarin jy die behandeling sou wil of nie wil ontvang of nie, beskryf.

Byvoorbeeld, as jy nie aspirien wil ontvang nie, is dit in alle omstandighede of slegs in spesifieke omstandighede?

Jy kan besonderhede gee in die boksies wat verskaf word. As jy meer ruimte nodig het, voltooi die bykomende bladsye vir [Deel 4.2 - Ander behandelingsbesluite](#) wat saam met hierdie gids voorsien word en heg dit aan Deel 4.2 van jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif.

Sien die [Gereelde Vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor hoe om bladsye by jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voeg.

Voorbeelde

Gesondheidsomstandighede	My behandelingsbesluite
Ek het baie hoë cholesterol	Moenie vir my cholesterolabsorpsie-inhibeerders gee nie. Ek kan nie die nuwe-effekte duld nie.
Alle omstandighede	Moenie vir my 'n bloedoortapping of bloedprodukte gee nie. Dit is teen my geloof.
Ek kry gereeld 'n migraine.	Moenie vir my aspirien gee nie. Dit veroorsaak dat my maag pyn.

4.3 Mediese navorsing

Trek hierdie vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie. Let wel: Jy moet ten minste een behandelingsbesluit binne Deel 4 neem om 'n geldige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak.

Deel 4.3 vra jou om besluite te neem oor die deelname aan mediese navorsing. Hierdie inligting sal slegs gebruik word as jy nie self besluite kan neem of kommunikeer nie.

Deelname aan mediese navorsing kan help om mediese en wetenskaplike kennis te bevorder om siektes te voorkom, op te spoor en / of te behandel. Deel 4.3 lys verskillende soorte mediese navorsingsaktiwiteite. Jy kan die omstandighede waarmee jy instem merk op die navorsingsaktiwiteite wat gelys word. Die tabel hieronder gee voorbeelde van elke mediese navorsingsaktiwiteit wat in Deel 4.3 gelys word.

Mediese navorsing moet gedoen word onder streng riglyne en met goedkeuring van 'n komitee van kundiges in navorsing waarby mense betrokke is (die Menslike Navorsingsetiekkomitee wat voldoen aan die *National Statement on Ethical Conduct in Human Research*).

As jy instem om aan toekomstige mediese navorsing deel te neem, is dit slegs van toepassing op navorsing wat deur 'n Menslike Navorsingskomitee goedgekeur is en wat nasionale navorsingsriglyne volg. Vir meer inligting oor mediese navorsing, besoek die webwerf van die Kantoor van die Openbare Advokaat by publicadvocate.wa.gov.au. Die [algemene terme](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting, verskaf ook meer inligting.



Navorsingsaktiwiteite	Voorbeeld van hierdie soort navorsing
Die gebruik van toerusting	Die toets van die doeltreffendheid van 'n nuwe soort suurstofmasker of pasaangeër.
Die verskaffing van gesondheidsorg wat nog nie die ondersteuning van 'n aansienlike aantal praktisyne op daardie gebied van gesondheidsorg gekry het nie	Om 'n nuwe dwelm of tipe toerusting, wat tot dusver net getoon het om te werk in 'n studie met 'n klein aantal pasiënte, te probeer.
Die verskaffing van gesondheidsorg om 'n vergelykende assessering uit te voer.	'n Studie wat die uitwerking wat twee verskillende middels of behandelings op 'n sekere siekte het te vergelyk. In hierdie tipe navorsing ontvang een groep pasiënte een behandeling en 'n tweede groep 'n ander behandeling.
Die neem van bloedmonsters	Navorsing wat behels dat bloed getrek word sodat dit in 'n laboratorium vir enige veranderinge ondersoek kan word, byvoorbeeld vir veranderinge in aantal of tipe bloedselle.
Die neem van monsters van weefsel of vloeistof uit die liggaam, insluitend die mond, keel, neusholte, oë of ore	Met 'n biopsie van 'n moesie of sproete (waarin 'n deel van die moesie of sproete onder 'n plaaslike narkose uitgesny word) om tekens van velkanker te soek. Om 'n monster van die binnekant van die neus te neem om te kyk vir die teenwoordigheid van 'n virus of bakterieë.
Enige nie-indringende ondersoek van die mond, keel, neusholte, oë of ore	Om 'n lig in die ore, oë of mond te laat skyn om enige veranderinge of tekens van siekte te soek.
Om deel te neem aan 'n vraelys, onderhoud of fokus groep	Om 'n papier- of webgebaseerde opname met vrae oor behandeling of versorging te beantwoord. Om 'n onderhoud of klein groepvergadering by te woon om idees te deel oor wat die ervaring van versorging beter kan maak.
Die versameling, gebruik of bekendmaking van inligting, insluitend persoonlike inligting	Navorsing waarin inligting uit 'n pasiënt se mediese rekords (met die pasiënt se toestemming), saam met die inligting uit ander pasiënte se rekords met navorsers gedeel word om verskille en ooreenkomste tussen groepe pasiënte te verstaan. Byvoorbeeld, hoe dikwels mense met 'n spesifieke toestand oor 'n tydperk van 10 jaar in die hospitaal opgeneem word.
Oorweging of evaluering van monsters of inligting geneem onder 'n aktiwiteit wat hierbo gelys word.	Die vergelyking van resultate van bloedtoetse van verskillende pasiënte om ooreenkomste en verskille te soek as deel van navorsing om 'n siekte asook die behandeling daarvan te verstaan.
'n Nie-indringende ondersoek van lengte, gewig of visie	Gebruik van 'n skaal om 'n persoon te weeg of om 'n oogtoets te doen om 'n persoon se visie te ondersoek.
Om onder observasie te wees	Toetse waarin 'n persoon se tempo van asemhaling of gemak van beweging getoets word terwyl hy verskillende soorte aktiwiteite doen.

Deel 5: Mense wat my gehelp het om my Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voltooi

Jy kan kies om alle, sommige, of geen van die vrae in Deel 5 te voltooi. Trek enige vrae wat jy nie wil antwoord nie dood.

Miskien moet jy addisionele inligting in jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif insluit vir sommige vrae (bv. Vertolkings-verklaring).

Jy kan Deel 5 gebruik om die mense te lys wat jou gehelp het om jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te voltooi.

5.1 Het jy die dienste van 'n vertaler gebruik toe jy hierdie vorm ingevul het?

Deel 5.1 vra jou of jy 'n vertaler gebruik het toe jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif opgestel het.

Daar is 3 opsies vir hierdie vraag:

- **Opsie 1: Engels is my eerste taal – ek het nie nodig gehad om 'n vertaler te betrek nie.**
Kies hierdie opsie as jy vertrou is met Engels en nie 'n vertaler gebruik het toe jy die vorm voltooi het nie.
- **Opsie 2: Engels is nie my eerste taal nie – ek het 'n vertaler gebruik toe ek hierdie Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif opgestel het. Ek het 'n vertalersverklaring aangeheg.**
Kies hierdie opsie as jy toegang tot 'n vertaler verkry het om 'n vertaling van die vorm te verskaf. Jy moet die [vertalersverklaring](#) wat met hierdie gids voorsien word voltooi en dit aan Deel 5.1 van jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif heg.
- **Opsie 3: Engels is nie my eerste taal nie – ek het nie 'n vertaler gebruik toe ek hierdie Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif opgestel het nie.**
Kies hierdie opsie as Engels nie jou eerste taal is en jy die vorm sonder die hulp van 'n vertaler voltooi het.

Jy kan slegs een boksie merk, of jy kan hierdie vraag doodtrek as jy dit nie wil antwoord nie.

As jy Opsie 2 kies, word dit aanbeveel dat jy en jou vertaler verwys na die [Gereelde Vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor toegang tot 'n vertaler.

As jy Opsie 2 kies - moet jy en jou vertaler die vertalersverklaring wat met hierdie gids voorsien word, voltooi en dit aan jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif heg.



5.2 Het jy 'n Voortdurende Mag van Voogdy (VMV) gemaak?

Deel 5.2 vra jou om inligting te verskaf oor of jy 'n Voortdurende Mag van Voogdy gemaak het.

'n Voortdurende Mag van Voogdy is 'n regsdocument waarmee jy 'n persoon(e) kan benoem en wettiglik aanstel om lewensstyl- en gesondheidsorgsbesluite namens jou te neem as jy nie meer sulke besluite kan neem of kommunikeer nie. As jy 'n Voortdurende Mag van Voogdy maak, word dit sterk aanbeveel dat jy die besonderhede in jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif insluit.

'n Voortdurende voog is 'n persoon wat jy aanstel om besluite namens jou te neem.

'n Voortdurende voog kan nie besluite wat in jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif geneem is, verander nie, behalwe in spesiale omstandighede (bv. as nuwe behandelingsopsies beskikbaar word wat nie bestaan het toe jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voltooi het nie).

Jy kan slegs een boksie merk, of jy kan hierdie vraag doodtrek as jy dit nie wil antwoord nie. As jy Opsie 2 kies, moet jy besonderhede oor jou Voortdurende Mag van Voogdy en voortdurende voog insluit.


Sien die [Gereelde Vrae](#) in Afdeling 3: Nuttige inligting oor die voortdurende mag van voogdy en hoe om 'n voortdurende voog aan te stel.

5.3 Het jy mediese en / of regsadvies ingewin oor die maak van hierdie Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif?

Deel 5.3 vra jou om besonderhede te verskaf oor enige mediese en / of regsadvies wat jy ontvang het toe jy jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif gemaak het.

Jy mag dit nuttig vind om mediese en / of regsadvies in te win om jouself en diegene na aan jou gerus te stel dat die besluite wat jy in jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif neem, in jou beste belang is en geskik is vir jou gesondheidsomstandighede.

Jy kan slegs een blokkie merk met betrekking tot mediese advies, en jy kan slegs een blokkie merk met betrekking tot regsadvies. Trek die vraag dood as jy dit nie wil antwoord nie.



Jy word aangeraai (maar dit word nie vereis nie) om mediese en / of regsadvies in te win om 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif te maak.



Deel 6: Handtekening en getuienis

Jy moet hierdie deel van jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif voltooi en jy moet aan spesifieke getuienisvereistes voldoen.

